

**24 Februarie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 21 en 22  
Fokusgedeelte: Jeremia 22:13-19**

**Hy sal soos 'n donkie begrawe word**

Is die strewe na meer rykdom, hoër hoogtes en groter prestasies nie dikwels ten koste van ander se menswaardige bestaan nie? Ons word in hierdie gedeelte gewaarsku om nie ten koste van ander onself te verryk of te bevoordeel nie. Om sukses te hê in jou bedryf maak nie van jou 'n koning wat ander kan hiet en gebied nie. Voorspoed mag jou roeping om reg en geregtigheid aan almal te laat geskied, nie laat vervaag nie. Om swakkes en armes te help is die wil van die Here. "Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed" (Spr 19:17 NAV). Hulle wat onregverdige wins maak, wat ander hulle regte en lone ontsê en mense verdruk en afpers, sal soos 'n donkie begrawe word. Daar sal geen eer aan hulle nagedagtenis gegee word nie. Wat help dit om in hierdie lewe te hiet en gebied, oor ander mense wat minder bevoorreg is te heers en opgesmuk te lewe, as jou nagedagtenis soos 'n dooie donkie in die veld lê om daar verteer te word? Doen wat reg en goed is en die Here sal jou met die goeie dinge seën.

*Sing: Psalm 107:19*

*Ds DL de Beer (Emeritus)*